higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SIELKUNDE VAN LEER
NKR VLAK 3

XX Februarie 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1
1.1.1 ewehandig
1.1.2 linker-
1.1.3 groot
1.1.4 stimulasie
1.1.5 kinder-
1.1.6 volwassene-
1.1.7 kwadrante
1.1.8 stres
1.1.9 interpersoonlike
1.1.10 intrapersoonlike

(10 × 1) (10)

1.2 Negatief:
Ek dink nie televisiekyk is goed vir kinders nie, omdat hulle verkeerde gedrag kan aanleer en nie genoeg oefening kry nie. Dit kan hulle lui maak.

Positief:
Ek dink kinders kan baie uit televisiekyk leer, mits ouers toesig hou oor waarna hulle kyk. Daar is baie goeie opvoedkundige programme beskikbaar.
(Enige toepaslike antwoord) (3)

1.3 1.3.1 Formele leer vind plaas binne 'n opvoeder-student-verhouding, soos in ’n skool of aan ’n universiteit. (2)

1.3.2 Informele leer vind plaas wanneer ons iets deur middel van daaglikse ervarings leer. (2)

1.3.3 Dit is die vermoë om emosies te beheer en te hanteer, met betrekking tot onsself en ander mense. (3)

1.4
- Om na musiek te luister.
- Om in ’n groep te studeer en idees uit te ruil.
- Om rond te beweeg terwyl sy studeer.
- Begin met dans- of kunsklasse.
- Om meer oor kuns en kunswaardering uit te vind.
- Gaan sien ’n teaterproduksie.
- Gebruik prente en verskillende kleure om te studeer.
- Om ’n nuwe resep uit te toets en dit kreatief op te dien.

(Enige toepaslike antwoorde 4 × 1) (4)

1.5
- Om oor die telefoon te praat terwyl jy ’n spesifieke nommer naslaan.
- Om na musiek te luister terwyl jy studeer.
- Om ’n tydrooster op ’n kleurvolle manier uit te werk
- Om te krabbel terwyl jy na ’n lesing luister
- Om ’n resep te lees en bestanddele af te meet terwyl jy kook (Enige 3 × 2) (6)

[30]

VRAAG 2

2.1 2.1.1 Waar
2.1.2 Onwaar
2.1.3 Waar
2.1.4 Waar
2.1.5 Onwaar

(5 × 1) (5)

2.2
- Om genoeg aandag en liefde vir die kind te gee
- Om hul kind aan te moedig om hul beste te gee
- Om kinders die vryheid te gee om foute te maak
- Om nie te kritiseer of te streng te wees nie
- Om die kind toe te laat om vrae te stel
- Om onafhanklikheid en eie besluitneming aan te moedig

(Enige toepaslike antwoorde 3 × 2) (6)

2.3 2.3.1
- Elektroniese leer behels om met behulp van 'n rekenaar te leer.
- Daar is geen formele klassituasies nie.
- 'n Onderwyser is nie geredelik beskikbaar om studente deur die leerproses te begelei nie.
- Studente kommunikeer met onderwysers via e-pos en die internet.
- Alle leermateriale en werkopdragte word deur middel van e-pos of die internet gestuur.
- Eksamens word aan die einde van die jaar by spesifieke sentra geskryf.

(Enige toepaslike antwoorde 4 × 2) (8)

2.3.2

E-LEER	OP KAMPUS
• Onderwysers beantwoord vrae en fasiliteer internetbesprekings tussen leerders. • Die onderwyser se rol is beperk, aangesien die meeste verantwoordelikhede by die studente berus. • Onderwysers help leerders om vaardighede te ontwikkel wat hulle nodig het om op hul eie te leer.	• Die opvoeder is daagliks beskikbaar in die klas om onderrig te gee. • Interaksie is van aangesig tot aangesig en die opvoeder is die hele tyd beskikbaar om vrae te beantwoord. • Inligting word deur middel van hulpbronne in die klas oorgedra.

(Enige EEN toepaslike antwoord by elkeen 2 × 2) (4)

2.4 2.4.1

OMGEWING	OORERWING
• Dit verwys na die invloed van die omgewing • Die kinders is gespanne. • Daar is geen moederlike ondersteuning en sorg nie. • Die ma het haar toevlug tot alkohol geneem. • Ouerlike verwaarlosing • Sosialiseer met die verkeerde groep. • Joanne se skoolwerk ly daaronder. • Dit kan aan lae selfagting te wyte wees.	• Dit verwys na die oorgeërfde biologiese invloed. • Die pa en oupa is albei beroepslui. • Die ma besit musikale intelligensie. • Die ma is kreatief van aard. • Die ma is bipolêr. • Albei ouers het die potensiaal om suksesvol te wees.

(Enige toepaslike antwoorde by elkeen 3 × 2) (6)

2.4.2
- 'n Stresvolle atmosfeer by die huis
- Sy moet al die huishoudelike take verrig.
- Daar is nie tyd om skoolwerk te doen nie.
- Sy moet maaltye berei.
- Sy bekommer haar oor haar broer. (Enige 3 × 1) (3)

2.4.3
- Nee, haar ma dink nie aan die kinders se welstand nie✓ en versorg hulle nie behoorlik nie.✓
- Nee, sy het 'n drankprobleem wat sy nie hanteer nie.✓ Sy vermors haar talent.✓ (Enige toepaslike rede 1 × 2) (2)

2.5
- Geheue✓ – Ek het 'n goeie geheue en onthou dit wat ek studeer. ✓✓
- Konsentrasie✓ – Ek is altyd in staat om in die klas te konsentreer.✓✓
- Probleemoplossing – Ek het 'n positiewe gesindheid jeens die oplossing van probleme.
- Taal✓ – Ek kan myself goed uitdruk.✓✓
- Lees en skryf✓ – My vaardighede is goed en ek neem goeie aantekeninge.✓✓ (Enige toepaslike 3 × 2) (6)

[40]

VRAAG 3

3.1
- Visueel
- Ouditief
- Taktiel-kinesteties
- Outonoom of koöperatief (4)

3.2
A Frontale lob
B Temporale lob
C Pariëtale lob
D Oksipitale lob

(4 × 1) (4)

3.3
- Motivering – volwassenes leer die beste wanneer hulle gemotiveer is en 'n rede het om te leer.
- Doelwitte – volwassenes het gewoonlik duidelike doelwitte wat hulle wil bereik.
- Vermoë – die leer moet binne hul vermoë wees.
- Behoefte – leer vind slegs plaas as daar 'n behoefte daaraan bestaan.
- Aktiewe deelname – volwassenes leer slegs deur te doen.
- Lewenservaring – volwassenes put uit vorige lewenservarings wanneer hulle leer.
- Verantwoordelikheid – volwassenes neem besluite vir hulself en is verantwoordelik vir hul eie leer.
- Relevansie – die studiemateriaal moet op hul omstandighede betrekking hê. (Enige toepaslike antwoorde 4 × 2) (8)

3.4
- Persoonlike waardes: dinge wat vir 'n persoon belangrik is, soos eerlikheid
- Sosiale waardes: hoe jy ander mense, soos jou vriende, hanteer
- Kulturele waardes: dit is waardes wat eie aan jou kultuur is, soos taal.
- Werkwaardes: dit gee leiding oor hoe jy in die werksplek moet optree, soos om stiptelik te wees. (Enige toepaslike verduideliking 4 × 2) (8)

3.5
- Help leerders om die doelstellings van 'n taak te identifiseer.
- Stel take op en fasiliteer hoe leerders dit uitvoer.
- Help leerders verstaan wat om te doen en hoe hulle dit moet doen.
- Help leerders om die kriteria te verstaan waarvolgens die taak geassesseer sal word.
- Gee terugvoering aan die groep oor hul prestasie.
- Gee leiding waar nodig en is beskikbaar om vrae te beantwoord.

(Enige toepaslike antwoorde 3 × 2) (6)

3.6 Outonoom, omdat ek daarvan hou om verantwoordelikheid vir my eie werk te aanvaar.
OF
Koöperatief, omdat ek groepwerk en die uitruiling van idees met andere verkies. (Enige toepaslike antwoorde 1 × 2) (2)

3.7
- Speel bordspeletjies om getalle en telvaardigheid te versterk.
- Laat leerders eenvoudige strukture met blokkies bou om hulle van balans en ondersteuning te leer.
- Maak patrone met kartonvorms om hulle van patrone en vorms te leer.
- Maak kleikrale om hulle van mates en grootte te leer.
- Laat hulle kort rolspele doen waarin hulle nuwe woorde gebruik.

(Enige toepaslike voorbeelde 4 × 2) (8)

[40]

VRAAG 4

4.1.1 B
4.1.2 C
4.1.3 A
4.1.4 B
4.1.5 A

(5 × 1) (5)

4.2 Masjinale leer vind plaas wanneer jy daarop fokus om inligting te memoriseer, sodat dit later herroep kan word, eerder as om dit te probeer verstaan. (2)

4.3 Praktiese intelligensie is dit wat ons gesonde verstand noem, en dit word geopenbaar in die manier waarop ons ons daaglikse lewe hanteer en probleme oplos.

'n Voorbeeld is om per taxi kollege toe te gaan as jy jou treinkaartjie tuis vergeet het. (Enige toepaslike verduideliking en voorbeeld 3 × 2) (5)

4.4 4.4.1

- Onstabiele huisomgewing
- Armoede, verwaarlosing, misbruik, alkoholisme
- Fisiologiese redes soos depressie, AGHS
- Maatskaplike probleme soos dwelmmisbruik, bendeaktiwiteite
- Gebrek aan morele ontwikkeling, om nie die verskil tussen reg en verkeerd te ken nie
- Emosionele redes; kinders voel verwaarloos
- Gevoelens van weerloosheid en waardeloosheid
- Gebrek aan dissipline
- Gebrek aan respek vir ander mense en hul besittings
- Portuurgroepdruk, kinders wil deel van 'n groep wees
- Ouerlike gedrag en aggressie

(Enige toepaslike antwoorde 4 × 2) (8)

4.4.2

- Om voortdurend laat te kom
- Om ook vir ander instansies te werk
- Om iemand se vertroue te skend
- Aanvaarding van geskenke en voordele
- Om krediet te aanvaar vir werk wat nie jou eie is nie
- Diskriminasie op grond van geslag, ras, seksuele oriëntasie
- Om van kollegas te steel
- Misbruik van 'n maatskappy se toerusting

(Enige toepaslike antwoorde 5 × 2) (10)
[30]

VRAAG 5

5.1 5.1.1
- Sy is 'n ouditiewe leerder.
- Sy luister wanneer haar onderwyser dinge verduidelik en onthou die instruksies.
- Sy hou daarvan om leiding in besprekings te neem.

(Enige 2 × 2) (4)

5.1.2
- Haar onderwyser kan meer debatte oor onderwerpe organiseer.
- Die onderwyser kan haar aanmoedig om voorleggings te doen in plaas daarvan om oor 'n projek te skryf.
- Sy kan haar werk hardop voorlees.
- Sy kan ander leerders help deur dinge aan hulle te verduidelik.
- Haar onderwyser kan seker maak dat sy baie verbale verduidelikings doen. (Enige toepaslike antwoorde 4 × 2) (8)

5.2
- Dit help kinders om sosiale vaardighede aan te leer.
- Dit help kinders om fisiek en intellektueel te ontwikkel.
- Dit help kinders om inligting te verstaan en dit by te voeg by dit wat hulle reeds weet.
- Dit is 'n goeie manier waarop kinders trauma kan verwerk.
- Spel help jou om emosies te ontlaai en van stres ontslae te raak.
- Dit is 'n prettige manier waarop kinders leer en nuwe dinge ontdek.

(Enige toepaslike antwoorde 4 × 2) (8)

5.3 5.3.1
- Narratiewe onderrig
- Die onderwyser hou daarvan om te praat en nuwe onderwerpe te verduidelik.

- Vraag-en-antwoord-onderrigmetode
- Sy sluit vraagstelling in om seker te maak dat die leerders verstaan wat sy vir hulle geleer het.

- Eksperimentele metode
- Die leerders onderneem uitstappies en doen navorsing oor dit wat hulle geleer het. (3 × 2) (6)

5.3.2 Handboekmetode:
Onderwysers raadpleeg 'n goeie handboek wanneer hulle onderrig.

Vryeaktiwiteit-metode:
Leerders moet aktiwiteite doen waartydens hulle deur middel van selfuiting leer, soos rolspele en speletjies.

Demonstrasiemetode:
Die onderwyser wys leerders hoe iets werk en hoe om iets te doen.

Inskerpmetode:
Om leerders te help om dinge te memoriseer deur dit oor en oor te herhaal. (Enige metodes met toepaslike verduideliking 2 × 2) (4)

5.4
- Verbale vermoëns behels 'n goeie begrip van taal, en jy druk jou gedagtes goed uit,✓✓ byvoorbeeld, om goed te kan lees.✓
- Nieverbale vermoëns hou meestal met praktiese aktiwiteite verband, maar help jou ook om vinnig inligting op te spoor waarna jy soek,✓✓ byvoorbeeld goeie rekenaarvaardighede.✓

(Enige toepaslike voorbeelde 2 × 3) (6)

5.5 5.5.1 Langtermyngeheue is die vermoë om inligting te stoor en later te onttrek. Dit duur van een minuut tot weke of selfs jare.

5.5.2 Jy sal in staat wees om iets te onthou wat jy aan die begin van die jaar geleer het, byvoorbeeld as 'n antwoord op 'n eindeksamenvraag.

(Enige toepaslike antwoord 2 × 2) (4)
[40]

TOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou